

Die grootste gawe aan die gelowige

Ons het gister daarna verwys dat ons volledig afhanklik van die Here is om dankbaar te kan lewe. 'n Lewe van dankbaarheid is gewortel in Christus wat ons deur sy Gees na sy ewebeeld herskep. Daarom begin so 'n lewe wanneer ons op ons knieë is, omdat die Heilige Gees juis gegee word aan dié wat bid.

Die Here Jesus leer sy volgelingen eers in Lukas 11 die Onse Vader-gebed. Dan leer Hy hulle direk daarna wat die grootste gawe is waarvoor 'n gelowige ooit kan bid. Hoeveel te meer sal die Vader die Heilige Gees gee aan dié wat Hom vra? Dit gaan hier natuurlik nie om die inwoning van die Gees nie. Die Heilige Gees woon reeds in God se kinders. Gelowiges vra om al hoe meer en meer onder die heerskappy van die Gees van God te leef. Anders gesê: Ons bid om met die Heilige Gees vervul te word.

Die werkwoord wat in vers 11 vir *bid* gebruik word, kan ons ook met *smeking* vertaal. Die gelowige smee om die Heilige Gees. Dis 'n ernstige en vurige gebed. Hierdie woord vir *smeking* is 'n deelwoord. Dit dui op 'n voortdurende proses. Ons moet dus smekende wees om die werk van die Heilige Gees in ons.

Die troos is egter: Ons kan dit met groot vrymoedigheid doen. Dis wat die gelykenis van die onbeskaamde vriend ons leer. Dis egter ook die kind wat sy pa skaamteloos vra. In Christus het God ons Vader geword wat vir sy kinders die heel beste gawes wil gee. Bid daarom sonder ophou dat God sy genade en Heilige Gees aan jou sal gee. Waar God sy genade en Heilige Gees gee, kan sy kinders waarlik dankbaar begin lewe.

Bid hierdie gebed met groot vrymoedigheid, want ons Vader sal sy kinders sekerlik verhoor.

Sing: Psalm 143-1:8, 9

Ds. RA (Ronald) Bain (Potchefstroom)